Maandag 22 Desember 2003 Bl. 15

Beeld

JOHANNESBURG FINAAL

Internasionale konferensie oor onderwys in SA gehou

'n Internasionale konferensie oor gelyke onderwysgeleenthede in die VSA en Suid-Afrika word volgende jaar van 22 tot 24 April buite Johannesburg aangebied.

Die konferensie is ter viering van Suid-Afrika se demokrasie en Grondwet en die herdenking van 'n Amerikaanse hofuitspraak 50 jaar gelede wat 'n einde aan aparte onderrig gemaak het en die grondslag vir regverdige en gelyke onderwysgeleenthede vir alle landsburgers gelê het.

Verskeie Suid-Afrikaanse en Amerikaanse onderwyskundiges gaan saam na die huidige uitdagings kyk om volhoubare onderwysgeleenthede vir almal te skep. Die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria (UP) reël die konferensie.

Die vraag of Suid-Afrika op verskillende vlakke daarin geslaag het of gevorder het om onderwys vir almal toeganklik te maak en gelyke geleenthede geskep het, sal ook bespreek word.

Ander temas wat in diepte bespreek sal word, is onder meer die impak van dissipline op toegang tot gelyke onderriggeleenthede, die finansiering van onderwys en waardes en gelyke onderwysgeleenthede.

Onder die tien kundiges uit die VSA is drr. Frank Brown, Philip T.K. Daniel, Nelda Cambron McCabe, Martha McCarthy en Charles J. Russo.

Die sowat 30 Suid-Afrikaanse kundiges sluit in: Proff. Johan Beckmann, Christoff Heyns, Simon Maile, Johan Potgieter, Servaas van der Berg, Elmene Bray, Pappi Maitufi, Rassie Malherbe en drr. Rika Joubert, Jan Nieuwenhuis, J.P. Rossouw, Elda de Waal en Ken Alston.

Vir meer inligting kontak me. Xandra de Fortier by 012 420 2769.